

2 SEPTEMBER

SKRIFGEDEELTE: KOLOSSENSE 1:9-14
FOKUSGEDEELTE: KOLOSSENSE 1:9

Bid dat die Here sy kerk sal vervul met die kennis van sy Woord

Waar die gemeente van Kolosse met dwaalleringe bedreig word, bid Paulus dat die gemeente vervul sal word met kennis van die Here se wil om in alle wysheid en geestelike insig die dwaalleer die hoof te bied. Alleen met kennis van die Here se Woord en verbondenheid aan Hom hoef hulle nie te twyfel wat hulle te doen staan nie. In verbondenheid aan sy Woord sal hulle nie meer na die heidense leefwyse verlang nie, maar sal die Gees oor hulle heers, sodat –

- hulle in die Here wandel,
- Hom in alles behaag,
- elke goeie werk vrug dra,
- hulle groei in die kennis van God,
- hulle met alle krag bekragtig word tot alle lydsaamheid en heerlikheid en
- bo alles die Vader dank dat hulle kan deel in die erfdeel van die heiliges.

Dit is God die Vader wat ons uit die mag van die duisternis verlos het en oorgebring het in die koninkryk van sy Seun, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van ons sondes.

Mag Paulus se gebed ook die gebed van ons gemeentes word!

Sing: Psalm 33:2

Ds Lourens Nel (Derdepoort)